

## Gr 10 RTT

Maandag:

Merk Vrg 5 en 6

### Vraag 5 – Hardware (2)

5.1.1 Ingeboude grafikastroombane gebruik van 'n PC se geheue (om die beelde vir vertoon gereed te hou), en maak staat op die PC se SVE om die nodige verwerking te doen, en los minder geheue vir rekenaarspeletjies ens. / Afsonderlike grafikakaarte kom met eie (GPU en) geheue ✓

[ Let wel: Vollediger antwoord sluit ook verwysing na GPU (graphics processing unit - grafikaverwerkingseenheid) in – teks in skuinsdruk bo – maar aanvaar antwoord net in terme van GEHEUE ] (1)

5.1.2 Reaksietyd (Response time) ✓ (1)

5.2.1 Enige EEN rede (behalwe kwaliteit van drukstukke en koste) van: ✓

- Druk gewoonlik vinniger as bv. inksputdrukkers
- Meer betroubaar – bv. het nie ink wat uitdroog nie
- Makliker om te onderhou as bv. inksputdrukkers (1)

5.2.2 Enige TWEE voordele (behalwe verskillende funksies) van: ✓✓

- Neem minder plek op tafel op
- Benodig net een USB-poort op rekenaar
- Kos minder as om toestelle afsonderlik aan te koop (2)

5.2.3 Drywerprogram ✓ (1)

5.2.4 Verstekdrukker / die een waarna drukwerk gestuur sal word tensy 'n ander een spesifiek gekies word ✓ (1)

5.3.1 Videogrepe / musieklêers / foto's – d.i. medialêers ✓ (1)

5.3.2 Enige EEN voordeel (behalwe ekstra stoor) van: ✓

- Draagbare stoor – kan data saam met jou rondra
- Kan as 'n rugsteunmedium gebruik word (1)

5.4.1 RSI (*repetitive strain injury*) / CTS / KTS (karpale tonnelsindroom) ✓ (1)

5.4.2 Enige TWEE wenke (behalwe die gebruik van ergonomies ontwerpte toestelle) van: ✓✓

- Vat gereeld 'n blaaskans
- Maak seker muis en sleutelbord is naby en gemaklik bereikbaar – spierspanning nie nodig om na hulle te reik nie / moet nooit in 'n ongemaklike posisie gebruik word nie
- Sit regop / moenie krom of vooroor sit nie
- Verstel jou stoel sodat jy korrek sit
- Doen geskikte (hand- en gewrigs-) oefeninge
- Leer (en gebruik) sleutelbordkortpaaie

- [ Moenie 'n antwoord aanvaar wat NIE iets met die voorkoming van RSI te doen het nie (bv. beligting / ventilasie) ] (2)
- 5.5.1 Groen rekenaarverwerking ✓ (1)
- 5.5.2 Bevat giftige, omgewingskadelike chemikalieë / onderdele ✓ (1)
- 5.5.3 Enige TWEE wenke van: ✓✓
- Proeflees op skerm
  - Druk twee (of meer) bladsye op een vel
  - Druk rug-aan-rug
  - Druk net wanneer absoluut nodig / werk met digitale kopieë eerder as hardekopieë (2)
- 5.6.1 Enige EEN rede van: ✓
- Nie kables wat rondlê of in die pad is nie
  - Wyer reikafstand van beweging (1)
- 5.6.2 Enige EEN rede van: ✓
- Swak / dooie battery
  - Seinsteuring (1)
- 5.7.1 TWEE voordele: ✓✓
- Vinniger as handtoevoermetodes
  - Meer akkuraat / minder (geen) foute (2)
- 5.7.2 Sleutelbord ✓ (1)
- 5.7.3 QR-kode (*quick response code*) ✓
- Webadres / URL / maak 'n webblad oop ✓ (2)
- 5.8.1 Hy ly aan swak sig ✓ (1)
- 5.8.2 Luidsprekers / oorfone ✓ (1)

- 5.9 Enige EEN tipe van: ✓
- Speletjiebeheerder
  - Stuurwiel
- (1)

- 5.10.1 Enkelgebruikerslisensie: Jy mag net EEN kopie van die programmatuur installeer. ✓
- Terreinlisensie: Jy mag verskeie kopieë van die programmatuur installeer, maar net op rekenaars / toestelle BINNE die maatskappy of organisasie. ✓
- (2)

- 5.10.2 Enige TWEE voordele (behalwe dat jy nie die pakkette apart hoof aan te koop nie): ✓✓
- Programme het soortgelyke gebruikerskoppelvlakke (Dit is dus makliker om die verskillende programme in die kantoorpakket te leer gebruik / minder opleidingstyd is nodig)
  - Programme is ontwerp vir maklike data-oordrag tussen hulle
- [ Moenie antwoorde oor koopkoste aanvaar nie — dit is deel van 'die feit dat dit nie nodig is om die pakkette afsonderlik aan te koop nie'. ]
- (2)

- 5.10.3 Enige EEN rede: ✓
- Om programmatuurdiefstal te voorkom / om te voorkom dat die programmatuur op meer rekenaars as gespesifiseer in die lisensie geïnstalleer word
  - Om die kopie van die programmatuur aan 'n gebruiker / organisasie te koppel
  - Om 'n gebruiker vir aanlyn ondersteuning / afslag / ander voorregte te registreer, ens.
- (1)

[31]

## Vraag 6 – Sagteware

- 6.1.1 Enige TWEE funksies van: ✓✓
- Bestuur alle hardeware en sagteware
  - Behou sekuriteit (met gebruik van wagwoorde, deel- en toegangsregte, ens.)
  - Voorsien 'n gebruiker-koppelvlak / 'n middel vir mense om in wisselwerking met die sagteware te wees
- [ Aanvaar ook geskikte voorbeelde van bostaande, bv. 'laai lêer vanaf skyf' vir 1ste punt ]
- (2)
- 6.1.2 Android ✓
- (1)
- 6.2.1 Hulle opdateer en verander hul vertooninligting (bv. die Weer-teël) ✓
- (1)
- 6.2.2 Hulle dui verdere subkieslyste aan ✓
- (1)
- 6.3.1 Die lêeruitbreiding word nie deur die bedryfstelsel / 'rekenaar' herken nie ✓
- (1)
- 6.3.2 Enige EEN manier (behalwe voorstel in dialooghokkie) van: ✓
- Verander lêeruitbreiding (per hand) na 'n bekende videolêeruitbreiding (bv. MOV, AVI, MP4)
  - Probeer om 'n lêer- / mediaomsettings- (*converter*) -program te gebruik
  - Kry 'n geskikte app vanaf enige plek behalwe deur dit van die 'Store' af te laai, bv. van 'n Freeware of Shareware-stoor / ander aanlyn bron / aankoop van 'n winkel
- (1)

- 6.3.3 Snipping Tool ✓ (1)
- 6.4.1 Grafika- / prentjêlêër ✓ (1)
- 6.4.2 Enige TWEE wenke van: ✓✓
- Beplan die basiese lêergidsstruktuur: skets op papier / gebruik SmartArt (hiërargiekaarte), ens.
  - Dink eerste aan die hooflêergidse, voeg dan die sublêergidse by soos benodig
  - Hou aan om elke vlak te verfyn / skep verdere sublêergidse (as daar te veel lêers in een lêergids is)
  - Gebruik sinvolle name vir lêers en lêergidse
  - Dupliseer lêergidsstrukture as lêers tussen rekenaars geskuif word (bv. skool en huis) (2)
- 6.4.3 Recycle Bin ✓ (1)
- 6.5 Kan die sagteware op enige aantal rekenaars installeer, ✓  
maar net binne die skool / maatskappy / organisasie ✓ (2)
- 6.6.1 Shareware is sagteware wat vir 'n toetstydperk (gewoonlik 30 dae) gebruik kan word, en/of wat sekere beperkinge het. ✓
- As jy wil voortgaan om die sagteware (na die toetstydperk om is) te gebruik, en enige beperkinge wat bestaan ontsluit, moet jy 'n (eenmalige) fooi betaal. ✓ (2)
- 6.6.2 Freeware ✓ (1)
- 6.6.3 Enige TWEE potensiële nadele van: ✓✓
- Geen waarborg van gehalte of dat dit reg werk nie
  - Die installasielêers (van die internet af) kan taamlik groot wees, dus kan hierdie 'n probleem wees vir mense met stadige konneksies of beperkte data
- [ Moenie bloot '(gewoonlik) slegs vanaf die internet verkrygbaar' sonder die bostaande beperking aanvaar nie, aangesien 'van die internet verkrygbaar' vandag eintlik 'n voordeel is ]*
- Nie in algemene gebruik nie (meer mense gebruik Windows-produkte as OSS), dus mag meer gebruikersopleiding nodig wees
  - Program- / datalêers mag dalk nie met ander stelsels versoenbaar wees nie
  - Dokumentasie en ondersteuning vir OSS mag dalk nie maklik bekombaar wees nie
  - Dikwels baie verskillende weergawes van dieselfde produk / kan verskillend werk op verskillende rekenaars (2)
- 6.7 Programlêers kan herinstalleer word indien nodig (vanaf skyf, of afgelaai vanaf die internet) ✓ (1)

[20]

## MAANDAG: DOEN VRAAG 7

### Vraag 7 – Netwerke

- 7.1 Jou oom gebruik verskeie digitale kommunikasietodes om met verskaffers in aanraking te bly. Noem EEN so 'n metode, behalwe kitsboodskappe (*instant messaging*). (1)
- 7.2 Die rekenaar in jou oom se kantoor tree as 'n bediener op.  
Wat is die hoof funksie van 'n bediener in 'n netwerk? (1)
- 7.3 Klante wat die internetkafee gebruik, word aangeraai om enige lêers wat hulle skep in die 'cloud' te stoor.  
7.3.1 Gee EEN voordeel daarvan om lêers in die *cloud* te stoor. (1)  
7.3.2 Gee EEN voorbeeld van 'n *cloud*-stoordiens. (1)
- 7.4 Bespreek kortliks EEN potensiële nadeel van 'n netwerk, behalwe enige sake wat met hardeware of sagteware op die netwerk, of met koste, te doen het. (1)
- [5]**

### WOENSDAG: DOEN VRAAG 8

#### Vraag 8 – Oplossingsontwikkeling

*Mens moet goed met Microsoft Office-pakkette kan werk om bestellings te kan verwerk.*

- 8.1 Gee EEN rede waarom mens die *Save As*-opdrag, eerder as die gewone *Save*-opdrag sal gebruik wanneer jy 'n bestaande dokument wil stoor. (1)
- 8.2 Die sleutelbord-kortpad <Ctrl><X> word dikwels deur die kortpad <Ctrl><V> gevolg.  
Watter aksie voer mens met die kombinasie van hierdie twee kortpaaie uit? (1)
- 8.3 Verduidelik waarom dit belangrik is om te sorg dat jy die woord reg spel wanneer jy 'n woord by *Word* se ingeboude woordeboek voeg. (1)
- 8.4 Gee EEN ekonomiese rede (wat met koste te doen het) waarom mens nie die verstek (*default*) - bladsykleur (wit) van *Word*-dokumente sou verander nie. (1)
- 8.5 Gee EEN rede waarom mens soms die *Tabs*-dialooghokkie moet gebruik wanneer jy *tabs* in 'n *Word*-dokment stel, en nie net *Word* se linaal kan gebruik nie. (1)
- 8.6 Wat kan mens doen om 'n *Excel*-werkblad op een bladsy te laat inpas wanneer jy dit druk, behalwe om die font kleiner te maak? (1)

**[6]**

## Prakties

Kyk na volgende video's van Excel

**MAANDAG:**

Les 6



**WOENSDAG:**

Les 7



